

7 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:9-13

Fokusgedeelte: Matteus 6:12; Heidelbergse Kategismus Sondag 51

Vergewe, want jy is vergewe!

Die vyfde bede is ook 'n bede wat my voluit betrek. As ek bid: *"en vergeef ons ons oortredings"*, dan bid ek daarmee saam: *"soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree."* Dit is baie duidelik: As ek wil hê God moet my vergewe, moet ek ook bereid wees om ander te vergewe.

Dit is egter nie altyd so maklik om te vergewe nie. Mense kan verskriklike dinge aan mekaar doen. Grootmense molesteer kinders, huweliksmaats mishandel mekaar fisies of emosioneel, ouers kraak hulle kinders af of mishandel hulle fisies, misdadigers moor en roof en steel en plunder, mense in magsposisies buit hulle ondergeskiktes uit, swendelaars verkul ander uit hulle geld, vriende beskinder mekaar, familieledede verkleineer mekaar. Die lys is nimmereindigend.

Wanneer iemand so iets aan my gedoen het, kan dit my hele lewe verwoes. Dit kan 'n lewenslange letsel laat. Dit kan van my 'n bitter, onvergenoegde mens maak. Ja, die wêreld is vol seergemaakte, uitgebuite, mishandelde, te na gekome mense! Ongelukkig ook vol mense wat baie langer ly as wat nodig is onder die onreg wat hulle aangedoen is. Die magsgreep wat iemand oor my gekry het deur my verskriklik seer te maak of te benadeel, kan verbreek word. 'n Mens hoef nie vir die res van jou lewe daaronder te ly nie. Dit hoef nie 'n permanente letsel te laat nie. God gee genadiglik vir ons 'n sleutel om uit hierdie donker tronk te ontkom.

Die sleutel wat God aan ons gee, is egter 'n sleutel wat ons nie altyd wil aanvaar nie. Hierdie sleutel se naam is *VERGIFNIS*. Die enigste manier om hierdie magsgreep, hierdie houvas, hierdie bose invloed op my lewe te verbreek, is deur vergifnis. Vergewe die een wat jou te na gekom het, omdat God jou vergewe het. Dit is moeilik. Daarom moet ons daarvoor bid!

Sing: Psalm 104:8, 9 (Totius)

Ds. HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)